Sing vooraf staande: Skrifberyming 10-1:3 (28:3) Tweede melodie Psalm 50

3 Gee ons – want ons gebrek is groot – / vandag ons daelikse brood.
Bewys ons tog barmhartigheid / en skeld ons, Heer, ons skulde kwyt,
soos ons, in skuldvergiffenis, / vir hul wat aan ons skuldig is.

Ons hulp is in die Naam van die Here wat die hemel en die aarde geskape het.
Geliefdes, genade en vrede vir u van God ons Vader en die Here Jesus Christus deur die kragtige werking van God die Heilige Gees.

Amen.

Lofpsalm 107:1, 4 (p. 533)

1 Loof God, omdat Hy goed is, / en goed is sonder end!
Meld dit, al wie behoed is, / verlos is uit ellend;
wat God uit elke land / in vryheid weer herstel het,
vry van die slaweband, / waarmee hul hom geknel het.

4 Hy het hul matte skrede / gelei op regte baan
om tot bewoonde stede / met blydskap in te gaan;
met kostelike goed / het Hy hul begenadig,
met brood hul daar gevoed, / met water hul versadig.

Gebed

- ***Doksologie:***
- ***Aanbidding:***
- ***Skuldbelydenis:***
- ***Vergifnis:***
- ***Dank:***
- ***Smeking vir die nood van die gemeente en voorbidding vir die kerk, owerhede en sondige wêreld, asook die beroep op die beloftes van God***
- ***Algemene bede:***
- ***Verligting van die Gees ter wille van die Woorddiens:***

Amen.

Psalm 127:2 (p. 624)

2 Vergeefs om voordag op te staan, / vergeefs die werk-uur lank gemeet
en brood van smart met smart geëet, / nadat die dag al is gedaan.
God gee, hoe ander ook mag raap, / dit sy bemindes in die slaap.

Skriflesing: Jesaja 33

Teks: Jesaja 33:14-17; Kategismus Sondag 50

Die sondaars in Sion bewe, siddering het die roekelose aangegryp. Hulle sê: Wie van ons kan woon by 'n verterende vuur, wie van ons kan woon by 'n ewige gloed? Hy wat in geregtigheid wandel en spreek wat reg is, wat gewin deur afpersinge versmaad, wat sy hande uitskud om geen omkoopgeskenk aan te gryp nie, wat sy oor toestop om van geen bloedskuld te hoor nie, en sy oë sluit om wat sleg is, nie te sien nie – hy sal op hoogtes woon, rotsvestings is sy burg; sy brood word hom gegee, sy water is gewis. Jou oë sal die Koning in sy skoonheid aanskou, dit sal 'n wyd uitgestrekte land sien.
(Jesaja 33:14-17 AFR1953).

Die Here sê dat **sondaars in Sion bewe.**

- Wat is die verskil tussen 'n sondaar en 'n huigelaar?
- Die punt is dat daar in beginsel geen verskil tussen die twee is nie, want die een is die ander.

’n Sondaar/huigelaar sal nooit in Sion wees nie.

- Die die Here gee die rede: sy teenwoordigheid is vir daardie soort mens ’n verterende vuur!
- Dis ’n vuur wat met geweldige hitte doodgewoon elke ding wat in sy pad kom, wegsmelt asof dit nooit daar was nie.

’n Sondaar is iemand wat huigel – want hy is nie wie en wat hy moet wees nie.

- Iemand wat huigel, kan nie eendag in Sion lewe nie – inderdaad heeltemal logies, want hoe sal so ’n mens by die Here se verterende vuur bly lewe?
    - Die Here gee ’n mooi verstaanbare beskrywing van hierdie soort mens:
        - Hy leef in ongeregtigheid.
        - Hy lieg en bedrieg (spreek nie wat reg is nie).
        - Hy maak wins deur afpersing en versmaad mense.
        - Hy maak ’n bestaan uit omkoopgeskenke.
        - Hy stop nie sy ore toe as hy van bloedskuld hoor nie (met ander woorde: hy is deel daarvan!).
        - Hy sluit sy oë om wat sleg is nie te sien nie.
- Daarteenoor sal dit met ’n regverdige mens presies die teenoorgestelde wees! Hy sal met vrede en vreugde in die Here se vesting ingaan en met gemak daar lewe.
    - Die Here sê dis die mens wat in geregtigheid lewe;
    - iemand wat spreek wat reg is;
    - wat gewin deur afpersing versmaad;
    - wat sy hande uitskud om geen omkoopgeskenk aan te gryp nie;
    - wat sy oor toestop om van geen bloedskuld te hoor nie; en
    - sy oë nie toedruk as hy slegte dinge sien nie.
- Hierdie mens – sê die Here – sal alle soorte lewensonderhoud van die Here af ontvang in Sion sodat hy geen gebrek sal hê nie (**op hoogtes woon, rotsvestings is sy burg; sy brood word hom gegee, sy water is gewis**).

Daar is sekere uitdrukkings in die Bybel wat mens nogal opval omdat dit baie keer gebruik word – en baie keer met dieselfde betekenis gebruik word.

- So profeteer Jesaja hier van die mens wat eendag in Sion gaan woon – **sy brood word hom gegee**
- Die Here Jesus het ons jare later geleer om te bid dat ons Vader wat in die hemel (=Sion!) woon vir ons **ons daaglikse brood gee.**

Wat is die werklike inhoud van die **sy brood word hom gegee** en **gee ons ons daaglikse brood?**

Brood het verskillende betekenisse:

- Dit kan *lewensonderhoud en daaglikse versorging* beteken, soos in Psalm 41:10:

  Selfs die man wat met my in vrede lewe, op wie ek vertrou het, wat my brood eet, het die hakskeen teen my opgelig. (Psalm 41:10 AFR1953)
- Dit kan gewoon *kos* beteken. Dink aan die volgende Bybelvers:

  En op ’n dag het Elísa verbygegaan na Sunem; en daar was ’n vermoënde vrou wat by hom aangehou het dat hy brood sou eet. En so dikwels as hy verbygaan, het hy daarheen weggedraai om brood te eet. (2 Konings 4:8 AFR1953)
- Die woord *brood* kan ook sinspeel op al die aardse dinge wat die eer en koninkryk van God mis.

  Maar Hy antwoord en sê: Daar is geskrywe: Die mens sal nie van brood alleen lewe nie, maar van elke woord wat deur die mond van God uitgaan. (Matteus 4:4 AFR1953)

Die Here Jesus leer ons om vir al hierdie dinge te bid.

- Natuurlik sal daar mense wees wat hieroor verstom is dat die Here ons leer om vir ons daaglikse versorging te bid!
- Want daar is baie mense wat die standpunt huldig dat hulleself werk vir hulle geld en self sorg vir dit wat hulle nodig het in die lewe!

Die ware gelowige verstaan die lewe heeltemal anders.

- Ons verstaan uit die Here se openbaring dat onsself totaal niks tot stand kan bring of verwerf of besit as die Here dit nie vir ons gee nie!
- Die Here self leer ons wat die verskil is tussen iemand wat verstaan en weet dat die Here alles gee en iemand wat dink hy kan sy goed self in die hande kry.
    - Dink hier aan 1 Timoteus 6:6-11:

      Maar die godsaligheid saam met vergenoegdheid is ’n groot wins. Want ons het niks in die wêreld ingebring nie; dit is duidelik dat ons ook niks daaruit kan wegdra nie. Maar as ons voedsel en klere het, moet ons daarmee vergenoeg wees. Maar die wat ryk wil word, val in versoeking en strikke en baie dwase en skadelike begeerlikhede wat die mense laat wegsink in verderf en ondergang. Want die geldgierigheid is ’n wortel van alle euwels; en omdat sommige dit begeer, het hulle afgedwaal van die geloof en hulleself met baie smarte deurboor. Maar jy, man van God, vlug van hierdie dinge weg, en jaag ná die geregtigheid, godsaligheid, geloof, liefde, lydsaamheid, sagmoedigheid. (1 Timoteus 6:6-11 AFR1953)

    - Of die uitspraak in Filippense 4:19:

      En my God sal elke behoefte van julle vervul na sy rykdom in heerlikheid deur Christus Jesus. (Filippense 4:19 AFR1953)

    - Dit word dalk nog duideliker geopenbaar in Matteus 6:31-32:

      Daarom moet julle jul nie kwel en sê: Wat sal ons eet, of wat sal ons drink, of wat sal ons aantrek nie? Want na al hierdie dinge soek die heidene; want julle hemelse Vader weet dat julle al hierdie dinge nodig het. (Matteus 6:31-32 AFR1953)

Waar gaan al hierdie dinge in die Bybel met ons heen? Dit moet ons bring by die besef en die belydenis dat daar net een enkele Gewer van alle dinge is:

- Die Here. Hy is almagtig – daarom kan Hy enige iets onder enige omstandighede voorsien.
- Hy is wys en liefdevol – daarom weet Hy wanneer moet Hy wat alles en hoeveel daarvan vir die mense gee wat dit nodig het.
- Die Here is getrou en alomteenwoordig – daarom sorg Hy dat sy beplanning op elke plek ten beste is vir elke mens.

Die Here gee alles wat ons nodig het suiwer uit genade.

- Ons kan nie met die Here onderhandel en daarmee seker maak dat Hy sal voorsien volgens ons onderhandelinge nie.
- Maar daarom kan die Here ons ook straf as ons Hom nie met ons hele hart aanbid nie – en dan kan Hy sy seën weerhou.

  En toe daar in die dae van Dawid ’n hongersnood was, drie jaar lank, jaar ná jaar, het Dawid die aangesig van die HERE gesoek; en die HERE het gesê: Vanweë Saul en vanweë sy huis waarop bloedskuld rus, omdat hy die Gibeoniete omgebring het. (2 Samuel 21:1 AFR1953)

Ons moet dus besef en bely dat ons totaal afhanklik van God is – daarmee saam gaan dan ook mos tevredenheid met dit wat God ons gee.

- Ons doen baie, baie sondes onder hierdie gebed.
- Soms wil ons wil meer hê as waarop ons by die Here enige reg het!
- Die Here het gesê ons moet bid vir brood – terwyl ons dit soms verstaan as koek en roomys!

Die Here het nie oorvloed beloof nie.

- Hy het versorging en liefde beloof.
- Dit het Hy gegee in Jesus ons Here – sy dood verseker dat ons aardse versorging sal oorspoel in die ewige versorging waar ons in die oorvloed van God se volmaakte liefde, genade en teenwoordigheid sal deel.

Kom ons lees saam wat oor hierdie dinge in die Heidelbergse Kategismus Sondag 50 geskryf staan:

> ***125. Vraag. Wat is die vierde bede?***
>
> ***Antwoord.*** *Gee ons vandag ons daaglikse brood. Dit is: Versorg ons met alles wat vir die liggaam nodig is (a), sodat ons daardeur erken dat U die enigste Bron is van alles wat goed is (b), en dat al ons sorge en arbeid en ook u gawes sonder u seën ons nie kan baat nie (c). Gee daarom dat ons ons vertroue van alle skepsele aftrek, en op U alleen stel (d).*

Amen.

Slotgebed

Slotpsalm 103:3 (p. 504)

3 Loof Hom wat met die goeie jou versadig, / jou lewenskrag van nuuts af begenadig,
sodat jou jeug is soos die arendsjeug. / Die HEER doen reg – Hy is die hoogste rigter –,
vergeld die kwaad en straf die onregstigter, / maar aan verdruktes skenk Hy ruimte en vreug.

Die genade van die Here Jesus Christus en die liefde van God en die gemeenskap van die Heilige Gees bly by u almal.

Amen.

Dr MJ du Plessis
Gereformeerde Kerk Bellville
Datum: 6 Februarie 2011

Tekste by Kategismus Sondag 50:
(a)
Ps 145:15 *Ajin*. Die oë van almal wag op U, en U gee hulle hul spys op die regte tyd.
Ps 104:27 Hulle almal wag op U, dat U hulle voedsel kan gee op die regte tyd.
Matt 6:26 Kyk na die voëls van die hemel; hulle saai nie en hulle maai nie en hulle bring nie bymekaar in skure nie, en tog voed julle hemelse Vader hulle. Is julle nie baie meer werd as hulle nie?
(b)
Jak 1:17 Elke goeie gif en elke volmaakte gawe daal van bo af neer, van die Vader van die ligte, by wie daar geen verandering of skaduwee van omkering is nie.
Hand 14:17 al het Hy Homself nie onbetuig gelaat nie, deur goed te doen, van die hemel vir ons reën en vrugbare tye te gee en ons harte met voedsel en vrolikheid te vervul.
Hand 17:27 sodat hulle die Here kon soek, of hulle Hom miskien kon aanraak en vind, al is Hy nie ver van elkeen van ons nie;

(c)
I Kor 15:58 Daarom, my geliefde broeders, wees standvastig, onbeweeglik, altyd oorvloedig in die werk van die Here, omdat julle weet dat julle arbeid in die Here nie tevergeefs is nie.
Deut 8:3 En Hy het jou verootmoedig en jou laat honger ly en jou die manna laat eet wat jy en jou vaders nie geken het nie, om aan jou bekend te maak dat die mens nie van brood alleen lewe nie, maar dat die mens lewe van alles wat uit die mond van die HERE uitgaan.
Ps 37:16 Tet. 'n Klein bietjie is vir die regverdige beter as die rykdom van baie goddelose;
Ps 127:1, 2 'n Bedevaartslied. Van Salomo. As die HERE die huis nie bou nie, tevergeefs werk die wat daaraan bou; as die HERE die stad nie bewaar nie, tevergeefs waak die wagter. Tevergeefs dat julle vroeg opstaan, laat opbly, brood van smarte eet – net so goed gee Hy dit aan sy beminde in die slaap!
(d)
Ps 55:23 Werp jou sorg op die HERE, en Hy sal jou onderhou; Hy sal nooit die regverdige laat wankel nie.
Ps 62:11 Vertrou nie op verdrukking en bou geen ydele hoop op rowery nie; as die vermoë aangroei, sit daar die hart nie op nie!
Ps 146:3 Vertrou nie op prinse, op die mensekind, by wie geen heil is nie.
Jer 17:5 So sê die HERE: Vervloek is die man wat op die mens vertrou en vlees sy arm maak, terwyl sy hart van die HERE afwyk.
Jer 17:7 Geseënd is die man wat op die HERE vertrou, en wie se vertroue die HERE is.